Dumela

Mei 2007 - 3 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV / Official newsletter of the staff of the UFS / Phatlalatso ya Semmuso ya ba Basebetsi ba Yunivesithi ya Freistata

# Uitwaartse dryf in Afrika lewer baie graduandi by UV

Die UV se uitwaartse dryf in Afrika is sterk bevestig toon die 191 studente van 14 lande in Afrika wat hul kwalifikasies by die herfs-grade- en diplomaplegtighede ontvang het.

Nasionale en internasionale leierskap is een van die UV se prioriteite. Die universiteit moedig dus uitruilprogramme van en na Afrika en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) aan, volgens prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier aan die UV. Die internasionale kantoor op kampus lewer 'n belangrike diens om hierdie studente behulpsaam te wees.

Die meeste studente (115) is van Lesotho afkomstig. Alhoewel die studente groot belangstelling getoon het in onder meer natuur- en landbouwetenskappe as ook in die ekonomie, het die grootste getal studente (19) hul kwalifikasies in die onderwysstudies verwerf. Lesotho het ook 'n aantal nagraadse studente opgelewer. Tien studente van Lesotho het hul honneursgraad verwerf, 12 hul meestersgraad en een student van Lesotho het sy doktorsgraad verwerf.

Die land wat die tweede meeste kwalifikasies opgelewer het, is Namibië met 18 studente. Meer as die helfte van die studente het hul nagraadse studies voltooi. Drie studente het hul honneursgraad ontvang en sewe studente hul meestersgraad. Die groep studente het hul studies in 'n verskeidenheid velde voltooi.



*At the autumn diploma and graduation ceremony are, from the left: Dr Elias Malete, Acting Campus Principal and from the Department of African Languages on the Qwaqwa Campus, Dr George Thamae, a lecturer in Sesotho Education at the National University of Lesotho, and Prof. Mohlomi Moleleki, Associate Professor and Head of the Department of African Languages on the Main Campus. Dr Thamae is the first student in ten years to receive a doctor's degree from the Department of African Studies. It was also the first time that staff from this department on the Main Campus in Bloemfontein and the department on the Qwaqwa Campus worked together to produce a Ph.D.*

Twaalf studente van Botswana het hul studies aan die UV voltooi. Dit is die Afrika-land wat die derde meeste studente opgelewer het. Dié studente het drie meestersgrade en een doktorsgraad huis toe geneem.

'n Kortkop na Botswana, is Zimbabwe. Die tien studente van Zimbabwe wat hul studies suksesvol aan die UV voltooi het, het onder meer met twee honneursgrade en drie meestersgrade huis toe gegaan. Twee susters, Patricia en Memory Tukuta het onderskeidelik 'n B.Sc. Honneurs- en B.Com. Rekeningkundegraad ontvang.

Uitwaartse dryf in Afrika... vervolg op p2.



# UFS reappoints five outstanding professors



*From the left, are: Proff. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS, Lodewyk Kock, Danie Strauss, Johan Henning, Teuns Verschoor, Vice-Rector: Academic Operations, Hennie van Coller, and Sakkie Pretorius (insert).*

The UFS has reappointed five outstanding professors for a term of five years. The rank of outstanding professor is the highest category of professor at the UFS.

The five outstanding professors are: Prof. Johan Henning, Dean of the Faculty of Law; Prof. Lodewyk Kock, from the Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology; Prof. Sakkie Pretorius, Departmental Chairperson, Department of Plant Sciences; Prof. Danie Strauss, researcher at the office of the Dean of the Faculty of the Humanities; Prof. Hennie van Coller, Departmental Chairperson, Department of Afrikaans and Dutch, German and French.

The reappointment of the professors is a result of a long process of evaluation. The category of Outstanding Professor was established in 1995 to give recognition to and maintain the services of an outstanding category of the academic work force at the UFS. The status of this category is especially based on the outstanding national and international role and status of these researchers in their respective subject fields.

According to Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor, the UFS values excellence and will do everything in its power to maintain and remunerate academics of high quality.

# Akach delivers paper on 12th official language



*Mr Philemon Akach.*

A senior lecturer in the Department of Afroasiatic Studies and Language Practice at the UFS, Mr Philemon Akach, has been invited by the national Department of Arts and Culture to present a paper on the implications of making South African Sign Language the country's 12th official language.

He also gave an overall view regarding developments and research on sign language during a meeting of the National Language Forum in Pretoria.

Uitwaartse dryf in Afrika... vanaf p1.

Studente van lande soos Uganda, Nigerië, Malawi, Kameroen, Eritrea en Ethiopië het ook hul studies aan die UV voltooi. Die een student van Kameroen het haar B.Sc. honneursgraad voltooi. Die studente van Ethiopië het ook sterk akademies uitgeblink met vier uit die vyf studente wat hul meestersgrade voltooi het en een student wat sy doktorsgraad verwerf het.

Die drie studente van Mosambiek, twee mans en 'n dame, het al drie hul meestersgrade ontvang. Die agt Nigeriërs wat hul studies in meestal die ekonomiese en onderwysvelde voltooi het, het onder meer twee meestersgrade en een doktorsgraad verwerf. Beide die twee mansstudente van Swaziland het meestersgrade verwerf in onderskeidelik landbou en risikobestuur.

Studente van ander kontinente buiten Afrika het ook hul grade en diplomas tydens die plegtigheid ontvang.

Dr. Aldo Stroebel, Hoof van Internasionalisering, sê: "Dit is verblydend dat die UV die geleentheid het om verryk te word deur die groot aantal (1816) internasionale studente, en veral so baie uit Afrika. Die Internasionale Kantoor, wat huidiglik herstruktureer om meer strategies te funksioneer, het as een van sy doelwitte om die UV se uitwaartse dryf te bevorder deur middel van spesifieke aktiwiteite en gepaste ondersteuning aan studente, en ook aan personeellede te verleen.

" 'n Versterking van die UV se rol in Afrika, maar ook 'n uitbreiding van ons rol op ander kontinente, word in samewerking met verskeie rolspelers beplan. Die universiteit kan verder bou op sy uitnemende prestasies, en kwaliteit van navorsing, onderrig en leer, en samelewingsdiens, waarmee hy hom in die verlede gevestig het in die internasionale arena."

# UFS law students highly rated in the world

A team of eight students from the Faculty of Law at the UFS has put the university among the top universities in the world when it was ranked 46th out of 177 universities that took part in the Willem C. Vis International Commercial Arbitration Moot competition in Vienna, Austria. The goal of the competition is to foster the study of international commercial law and to train students in methods of alternative dispute resolution.

This competition brings together students from a range of legal systems and cultures from all over the world to learn from the process and from each other. Universities from more than 55 countries took part in the competition and 1 800 arguments were delivered over a period of seven days.

The team did exceptionally well in all the arguments and was complimented on oral performance and litigation skills. "In the final round, one of the arbitrators, who is a practising international-trade lawyer and arbitrator, said that the team's oral arguments were of exactly the same standard as that of practising international trade lawyers in real arbitrations," said Prof. Elizabeth Snyman-Van Deventer, coach of the team and lecturer at the Department of Mercantile Law.

To put the cherry on top, one of the team members, Deman Smit, received an individual oral award and an honourable mention as one of the best speakers. His score of 138 out of 150 placed him within three (3) points of the international individual winner.



*The winning team are, from the left, back: Prof. Elizabeth Snyman-Van Deventer, Associate Professor: Mercantile Law, Lucien Companie, student, Dee Leboela, student, Sunette Visser, student, and Jaco Deacon, Lecturer: Mercantile Law; front: Mr Van Aswegen, Naudes Attorneys, Prof. Rita-Marie Jansen, Associate Professor: Private Law, J.C. Smith, student and Vicky Olivier, student.*

The Dean of the Faculty of Law, Prof. Johan Henning said: "The fact that Deman missed out on receiving the top-speaker award with a couple of points is a striking example of the world-class students this faculty is delivering. It also shows that the faculty needs not to stand back for law faculties such as those at the universities of Harvard, Freiburg, Munich, Stanford and Panthéon Sornonne."

The Willem C. Vis International Commercial Arbitration Moot is an annual competition organised by the Institute of International Commercial Law at the Pace University School of Law in New York, United States of America. The goal of the competition is to foster the study of international commercial law and to train students in methods of alternative dispute resolution.

"The Faculty of Law also sees this competition as part of our development strategy to develop skilled arbitrators for commercial disputes. There is a need in Africa for commercial lawyers to facilitate international trade," said Prof. Snyman-Van Deventer.

The UFS team comprised of: Dee Leboela, Smit, Lucien Companie, Vicky Olivier, Sunette Visser, Qaqamba Vellem, Hanno Bekker and Lucy Nthotso.

Mooirivier
Makelaars /Brokers

Hollard
SELECT BROKERS

**SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING**
**SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE**

Kontak ons by/ Contact us at Tel: (051) 447 6877
Faks / Fax: (051) 447 5758 of
e-pos / e-mail: mmbloem@mweb.co.za

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.*

# UV bied Welstandkonferensie aan

Die Welstandkonferensie van die UV se Welstandkomitee is deur sowat 130 mense in Bloemfontein bygewoon. Dit is die eerste konferensie van hierdie aard wat in Bloemfontein aangebied is. Die doel van die konferensie was om wêreldwye en plaaslike tendense ten opsigte van welstand, wetlike aspekte rondom die aangeleentheid en die vestiging van 'n welstandsprogram in die werksplek te ondersoek.

Die gasspreker was prof. Michael Leiter, Direkteur van die Sentrum vir Organisatoriese Ontwikkeling in Kanada. Hy is 'n professor van Sielkunde aan die Acadia Universiteit in Nova Scotia, Kanada. Sy lesing het gehandel oor uitbranding in die werksomgewing. Volgens hom moet uitbranding by sowel die werknemer as die organisasie aangespreek word. Die werknemer se vermoëns en vaardighede moet ontwikkel en versterk word om meer spanningweerstandig en veerkragtig te raak. Terselfdertyd is dit belangrik dat sistemiese prosesse binne die organisasie, wat 'n invloed uitoefen op personeelwelstand en -uitbranding, ondersoek en aangespreek word.

Prof. Voet du Plessis, Departementshoof van die Departement Handelsreg aan die UV, het gepraat oor die wetlike aspekte rondom welstand in die werkplek. "Daar is deesdae baie wetgewing wat die werkplek reguleer en heelwat van hierdie wette speel 'n rol in die welstand van personeel. Welstand in die opsig is nie meer 'n 'nice to have' nie," sê prof. Du Plessis.

Mnr. Lourens Geyer, Direkteur: Menslike Hulpbronne, het gepraat oor personeel-welstandsintervensies. Uit sy bespreking het geblyk dat die UV 'n goed gestruktureerde en geïntegreerde welstandsplan op die tafel het wat beide voorkomende sowel as remediërende en ontwikkelingskomponente hanteer. "Dié plan is nie net deur iemand uitgedink nie, maar is teoreties verantwoordbaar," sê dr. Annette Prins, Lektor Navorser in die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling asook voorsitter van die Welstandskomitee op kampus.

Me. Tracy Harper van Tracy Harper & Associates het gefokus op werknemerbystandsprogramme en ook die plaaslike en internasionale tendense van welstand in die werksplek.



*By die konferensie was, van links: dr. André van Jaarsveld, Hoof- Uitvoerende Beampte vir groepsaangeleenthede van die Careways Group, mnr. Daniel Kotton, Gesondheid- en welstandsadviseur van Standard Bank Africa, prof. Michael Leiter van Kanada, en dr. Henriette van den Berg, Senior Lektor aan die Departement Sielkunde by die UV en lid van die Welstandskomitee.*

Me. Liezel Dreyer van Discovery Health het in 'n baie energieke aanbieding oor die belangrikheid van lewenstylkomponente soos diëte en oefening gesels. Volgens haar het dit 'n werklike invloed op welstand en ook op eise wat ingedien word. Die bestuur van dié lewenstylkomponente kan voordelig wees vir al die betrokke partye. Die gesondheid van die personeel verbeter, daar is 'n afname in eise, wat voordelig is vir Discovery en die universiteit vind baat by die afname in afwesigheid van personeel.

Deskundiges op die gebied van welstand in die werksplek, dr. André van Jaarsveld, Hoof- Uitvoerende Beampte vir Groepsaangeleenthede, en mnr. Carl Manser, Uitvoerende Direkteur Strategiese Oplossings van die Careways Group, het raad gegee oor die integrering van welstandsprogramme in die maatskappy se besigheidsprosesse. Hulle bestuur meer as 450 Suid-Afrikaanse maatskappye se welstandsprogramme. Volgens, dr. Van Jaarsveld hou 'n welstandsprogram werklike finansiële voordele in vir 'n maatskappy. Vir elke rand wat 'n werkgewer insit, wen jy vier rand. 'n Volledige werknemerbystandsprogram kyk na R180 tot R220 per individu per maand. Hulle ag dit ook belangrik dat 'n organisasie se welstandsprogram die bestuur van sy menslike hulpbronne moet aanvul.

Mnr. Daniel Kotton, Gesondheid- en welstandsadviseur van Standard Bank Africa, het met behulp van 'n gevallestudie sy ondervinding in risikoverligting met die konferensiegangers gedeel. Volgens mnr. Kotton het Standard Bank sy werknemersbystandprogram in 16 Afrika-lande geloods. Hulle belê ook jaarliks R25 miljoen in hul welstandsprogramme. Daar word van elke werknemer in die bank 'n gesondheidsrisiko-assesering gedoen. Daarvolgens word hulle in ondersteuningsgroepe geplaas. Die bank gebruik ook baie media soos nuusbriewe, video's, asook aangestelde eweknieë om inligting aan personeel oor te dra.

Volgens dr. Prins beweeg die UV in die rigting met die beplande gesondheidsoudit.

Op dag twee van die konferensie is verskeie navorsingsvoordragte gelewer wat spesifiek ten doel het om bepaalde intervensies in die werkplek wat welstand bevorder.

# Honorary doctorate an honour for community

The decision by the UFS to award an honorary doctorate to well-known Sesotho writer KD Maphalla at the May graduation ceremony was a major achievement for this university, says the acting principal of the Qwaqwa Campus, Dr Elias Malete.

"I had a series of telephone calls from members of the Qwaqwa community, surrounding areas and from across the country about the May graduations here on this campus," Dr Malete says. "The honorary doctorate to Dr Maphalla, the attendance by members of the House of Traditional Leaders, other guests as well as our academics added to the occasion. The important observation I can make is that people here are overwhelmed by the respect, dignity and honor the UFS has bestowed on them.

"The presence of the Chancellor and his speech, the whole process of awarding of the Honorary doctorate, reading the citation in two languages (English and Sesotho), which I so undermined, really moved the people.

"After the ceremony on campus, the celebrations proceeded to Dr Maphalla's place. It was an emotional event. I saw people battling to hold back tears of appreciation and acknowledgment of what the UFS has done.

"I therefore wish to thank the Chancellor and the Rector, the Rectorate, especially Prof. Magda Fourie, Deans, Directors, Student Academic Services, Strategic communication and other delegates from the Main Campus for their support and presence.

"The awarding of the doctorate to Dr Maphalla is part of the Jubilee celebrations of the Qwaqwa Campus and I must thank the Faculty of The Humanities, the Senate and the Council for their support.

I am still looking back on the ceremony with awe and disbelief!"

# Extraordinary professors address students



*Two extraordinary professors in the Department of Chemistry at UFS visited the Main Campus in Bloemfontein to present classes to honours students. From the left are, seated: Prof. Rui Carvalho, associate professor at the University of Coimbra in Portugal who specialises in nuclear magnetic resonance spectroscopy research, Prof. Ben Bezuidenhout, professor at the UFS Department of Chemistry; standing: Prof. Jan van der Westhuizen, associate professor at the UFS Department of Chemistry, Prof. Daneel Ferreira, research professor at the University of Mississippi in the United States of America who specialises in natural product chemistry, and Dr Susan Bonnet, lecturer at the UFS Department of Chemistry.*

# School of Nursing involved with international project

Prof. George Ellison from the University of London in the United Kingdom (UK) and Mr Marcel Kroth, a lecturer at the University of Johannesburg (UJ), visited the School of Nursing. Prof. Ellison is the principal researcher and Mr Kroth is the South African based co-ordinator of a project focusing on Evidence Informed Decision Making.

This project is a partnership between the University of London, UFS School of Nursing, UJ, University of Limpopo, University of KwaZulu-Natal and the Nelson Mandela Metropolitan University (NMMU). The British Council of Higher Education's England-Africa Partnership Scheme is funding the project.



*Working on the joint project are, from the left, front: Prof. Anita van der Merwe, Head of the School of Nursing at the UFS, Prof. George Ellison from the University of London; back: Mr Marcel Kroth from the University of Johannesburg, and Prof. Yvonne Botma from the School of Nursing.*

Advertorial

# Awards available for authors

ANFASA, the Academic and Non-Fiction Authors' Association of South Africa, announces the start of a ground-breaking grants scheme to benefit South African authors of academic, educational and general non-fiction works.

The grants scheme owes its existence to the generosity of the Norwegian Non-Fiction Writers and Translators Association, Kopinor and the Norwegian Ministry of Foreign Affairs.

In the first year of the three-year scheme ANFASA will be able to award up to ten awards of approximately R25 000 each. This money would enable an author to take leave to devote him/herself to write or prepare a manuscript, to travel, or to undertake research.

The ultimate objective of the scheme is to develop writing and knowledge production in South Africa and to encourage the writing and publishing of high-quality non-fiction works, especially by young authors.

An independent grants committee will be set up to determine criteria and select the successful candidates. At this point, however, the only criterion that has been set is that applicants should be members of ANFASA.

ANFASA's mission is to promote the recognition and fair remuneration of authors, and respect for their rights, and to facilitate the creation, publication and dissemination of quality works by both published and aspiring authors.

Applications for grants will open in mid-year, and an announcement will be made at the Cape Town Book Fair, from 16-19 June 2007, and in the media.

For information on membership, contact Ms Monica Seeber, Director: ANFASA at monica@anfasa.org.za or phone 011 489 5193 or 083 266 7473 or Prof. Louis Venter at UDRAW (Unit for the Development of Rhetorical and Academic Writing) at: venterls.rd@mail.uovs.ac.za; 051 401 9363.


# Kovsie Bequest Society discusses wills and estates



*A group of alumni, previous staff members and friends of the university attended an information session on planning of a will and an estate. The information session was hosted by the Kovsie Bequest Society (KBS). Mr Gert Nel, Director of Corporate Tax at PricewaterhouseCoopers, was the presenter. At the information session were, from the left Prof. Nico du Plessis, chairperson of the KBS, Ms Kathy Verwey of UFS Marketing, Mr Nel, Prof. Johan Nortje, committee member of KBS, and Prof. François Retief, a former rector and also committee member of KBS.*

# Beplanning vir landbou se toekoms word bespreek



*Die Departement Landbou-ekonomie aan die UV het 'n werkswinkel getiteld Beplan vir die toekoms van die landbou in samewerking met FutureWorld en Standard Bank op die Hoofkampus in Bloemfontein aangebied. Van links, is: mnr. Marius Rautenbach, Provinsiale Direkteur van Standard Bank, prof. Johan Willemse, Departementele Voorsitter van die UV se Departement Landbou-ekonomie, en mnr. Neil Jacobsohn, Hoof -Uitvoerende Beampte van FutureWorld South Africa.*

# UFS and FS Department of Agriculture take hands

There is a need for the UFS and the Free State Department of Agriculture to work together as partners to pursue the development of agriculture in the province.

Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences at the UFS, and Mr Casca Mokitlane, Member of the Executive Council (MEC) in the Free State, recently held preliminary discussions to determine how a more focused strategic leadership for the development of agriculture in the province can be established.

A few issues that would contribute to the building of relationships for sectoral development such as agricultural research, the training of small farmers and the department's guidance officers, the support of community projects and targets for the land reform process were discussed.

Mr Mokitlane visited nine departments within the faculty, among others the Lengau Agricultural Training Centre, where he had short discussions with prospective black farmers. According to Prof. Van Schalkwyk thorough training of black emerging farmers was discussed.



*During the visit to the Faculty of Natural and Agricultural Sciences were, from the left: Mr Casca Mokitlane, Member of the Executive Council for Agriculture in the Free State, Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, and Mr Tshepiso Ramarakane, Head of the Department of Agriculture in the Free State.*

Mr Mokitlane was also informed about the research done at the faculty, training programmes offered and the roles the different divisions are playing in terms of community service.

"Both parties are in agreement that the one cannot function without the other. We must move closer to each other in the interest of agriculture to face the challenges ahead," said Prof. Van Schalkwyk.

# Departemente help met kommentaar vir wetsontwerp

Die Departement Handel en Nywerheid het, in samewerking met die Sentrum vir Ondernemingsreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid, 'n inligtingsessie oor die Maatskappywetsontwerp van 2007 aangebied.

Die Maatskappywetsontwerp 2007, wat beoog om die huidige Maatskappywet van 1973, en later die Wet op Beslote Korporasies van 1984, te vervang, is onlangs vir publieke kommentaar vrygestel met die oog op spoedige finalisering.



*Van die gaste wat die geleentheid bygewoon het, was van links: prof. John Baloro, Lektor in die UV se Departement Handelsreg, prof. Voet du Plessis, Hoof van die UV se Departement Handelsreg, prof. Johan Henning, Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV, en mnr. Tshepo Mongalo, Departement Handel en Nywerheid.*

# 'Werk hard en speel hard'

Prof. Almero Weyers, voormalige direkteur van die Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedrags-wetenskappe (Epog), het na 42 jaar diens aan die UV afgetree. Hy gaan nou vanaf sy huis in Jeffreysbaai 'n privaatpraktyk in Forensiese Sielkunde bedryf. Wanneer hy nie een of ander misdadiger ontleed nie, sal hy die pad vat na een van die lande in die suide van Afrika.



Prof. Almero Weyers.

Prof. Weyers het sy loopbaan aan die universiteit as dosent by die Departement Sielkunde begin, waarna hy later 'n leidende rol gespeel het in die vestiging van EPOG, 'n multidissiplinêre kliniek wat uit afdelings soos Sielkunde, Verpleegkunde, Maatskaplike Werk, Praktiese Teologie en Psigo-Opvoedkunde bestaan het. Prof. Weyers was 24 jaar die direkteur.

"EPOG het nog altyd 'n groot rol gespeel om studente praktiese opleidingservaring te bied en lei interns in Voorligting- en Opvoedkundige Sielkunde op," sê prof. Weyers.

Al die fasette van die sielkunde word hier hanteer. Verlede jaar is 145 voorgraadse studente en 127 nagraadse studente hier opgelei. Prof. Weyers is trots om te noem dat EPOG van 'n kinderleidingkliniek, waar daar aanvanklik jaarliks 57 kliënte hanteer was, tot 'n instansie waar daar 2 732 kliënte in 2006 gekonsulteer is, gegroei het.

"Ons hanteer baie skolastiese probleme, beroepsvoorligting, vakvoorligting, werksevaluasies, emosionele en gedragsprobleme, studiemetodiek, pleegsorg- en aannemingsevaluasies, asook forensiese sielkunde. Intern-sielkundiges verskaf ook 'n gewaardeerde diens aan Aurora, die Vrystaat Versorging in Aksie, die Pynbeheersentrum by die Universitashospitaal, die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk, die Susanna Coetzee-tehuis vir ongehude moeders, asook Brebner-Hoërskool.

"Die toepassing van die akademie in die praktyk is een van die grootste voordele wat 'n werk by EPOG kan bied. Interns kry dus die geleentheid om dit wat hulle in die teorie leer, op 'n breë terrein in die praktyk toe te pas. Baie kontak tussen afgestudeerde studente en EPOG vind op 'n gereelde basis oor advies in die hantering van probleemgevalle in die praktyk plaas. Hierdie kontak bly altyd 'n aangename ervaring."

Prof. Weyers het baie goeie herinneringe van sy loopbaan aan die UV. Hy sê: "Ek sal altyd die goeie omstandighede waarin ek gewerk het, asook die goeie geleenthede wat die UV my gebied het, onthou." Aan elke personeellid wat agterbly aan die UV, sê prof. Weyers: "Gebruik julle geleenthede, leef gebalanseerd. Werk hard en speel hard. As die studente later beter as jyself is, weet jy, jy het as dosent in jou doelwit geslaag."

# Australia visit part of exchange programme



*Six students from the UFS Department of Communication and Information Studies visited three universities in Sydney, Australia as part of a student exchange programme. They were accompanied by three lecturers, namely Prof. Manie Breytenbach, Ms Dalmé Mulder and Ms Rentia du Plessis. From the left, are: Louleyla Isaacs, Napo Tsubane, Frans Botha, Prof. Gerhardt de Klerk, Dean of the Faculty of The Humanities, Yolandi Benneke, Dominique Le Breton and Makuena Lepolesa.*

# Koppie koffie met...



## 'Wees beskikbaar vir die jong mense'



Mnr. Nick Venter.

Mnr. Nick Venter, Adjunkdirekteur: Akademiese Studentedienste, het op 1 September 1975 as ongetroude jong man by die UV begin werk. Hy is bekend as die organiseerder van die UV se grade- en diplomaplegtighede.

Na amper 32 jaar pak hy elke taak met net soveel ywer en geesdrif as altyd aan. Tans is hy en 'n span van drie verantwoordelik vir al die reëlings wat getref moet word om te verseker dat die herfs- en lente-grade- en diplomaplegtighede, wat jaarliks op die Hoofkampus, die Qwaqwa-kampus en in Johannesburg (Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg, Fakulteit Regsgeleerdheid) plaasvind, glad verloop. Hy is al sedert 2002 getaak met die reëlings van dié spoggeleenthede van die UV.

Volgens mnr. Venter behels die seremonies baie meer as wat op die oog af sigbaar is. Eerstens word die naamspelvorms opgestel. Dié vorms word dan uitgestuur aan alle moontlike kandidate om gekontroleer te word en terug te stuur sodat hul name korrek in die program en op die sertifikate kan wees. Reeds wanneer 'n student registreer, maak hy al melding van die eksamen waarin hy kan kwalifiseer vir 'n graad/diploma. Kort na die tweede eksamengeleentheid word die verlangde inligting onttrek uit die PeopleSoft-stelsel. Die inligting word dan geredigeer, gewysig en in 'n bepaalde volgorde geplaas, gereed om gekontroleer te word deur die betrokke administratiewe amptenare wat dit dan later proeflees alvorens die program gedruk word.

Intussen word daar ook 'n brosjure opgestel wat vir die kandidaat mooi duidelik wat waar gekry moet word op watter tyd. Twee weke voor die groot dag word die kwalifikasie-sertifikate en die sitplekkaartjies gedruk. Dokumentasie word ook voorberei om diegene op die verhoog tydens die seremonies te lei met hul optredes, dit is vanaf die kanselier, die dekane tot die promotors.

Met die herfsseremonies op die Hoofkampus alleen het mnr. Venter, met behulp van sy span en ander ondersteuningspersoneel, die inligting van meer as 3 400 kandidate verwerk. Met die groot hoeveelheid kandidate wat die seremonies bywoon, is die moontlikheid groot dat die een of ander gebeurtenis wat nog lank onthou sal word tydens die verrigtinge sal afspeel, soos die student wat haarself uit haar skoene geloop het op pad verhoog toe en toe haar graad kaalvoet ontvang het.

Daar is ook ongelukkig die hartseeroomblikke soos die toekenning van 'n kwalifikasie in postuum wat ontvang word deur die naasbestaandes van die oorledene. Mnr. Venter onthou ook nog die keer toe 'n student, gekoppel aan 'n respirator, sy kwalifikasie ontvang het nadat die kanselier van die verhoog af geklim het en dit aan hom toegeken het.

"Dit is vir my 'n groot voorreg om in 'n pos te wees waar ek die begin (aansoeke) en die einde (plegtighede) van 'n jong mens se akademiese lewe saam met hom kan deurmaak. My werksbevrediging lê daarin dat ek 'n jongmens kan help vorm en met 'n behoorlike kwalifikasie die lewe instuur. Ek het 'n paar mooi paaie met van die studente geloop. Daar is diegene wat matriek onder moeilike omstandighede geskryf het, later wel toelating aan die universiteit verkry het, 'n suksesvolle akademiese loopbaan voltooi het en vandag suksesvol in die samelewing is."

Dan is daar ook ouers en enkelouers met hul "pleegkinders" wat hom na aan die hart lê. Hy maak 'n verskil in die lewens van die mense deur beskikbaar te wees vir hulle, hetsy dit as klankbord is, om advies te gee of hulp te verleen tydens 'n ongeluk of enige ander moontlike insident. "Of ouers nou 50 km of 15 000 km ver van hul kinders is, hulle waardeer dit dat daar iemand is waarheen hul kinders kan gaan vir hulp," sê mnr. Venter.

Wanneer hy aan die einde van 'n baie vol dag die kantoordeur agter hom toetrek geniet mnr. Venter dit om met sy twee honde, Sheena, 'n Siberiese Husky en Ragen, 'n Border Kollie, te gaan stap. Wanneer die tyd dit toelaat geniet hy dit om by die viswaters 'n draai te maak.

## Business Management gets new chairperson



*Prof. Rudolph van Buuren was appointed as the Chairperson of the Department of Business Management in the Faculty of Economic and Management Sciences. He lectures Strategic Management, Marketing Management and Contemporary Management. Prof. Van Buuren specialises in strategy implementation with specific reference to the complexity of the modern business environment, an area that is increasingly becoming a challenge for many South African organisations.*

# Herfs gradeplegtigheid
# Autum graduation



Hendri Theron, grandson of Prof. Neil van Loggerenberg, former dean of the Faculty of Education, received his B.Ed. degree during the autumn graduation ceremony on the Main Campus.





Adv. Bradley Smith van die Departement Privaatreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid, het die Dekaansmedalje ontvang vir die beste meestersgraad in Regte. "Ek doen dit vir selfontwikkeling en om hopelik ’n geringe bydrae tot Suid-Afrikaanse Trustreg te maak," sê hy.



The co-operative agreement between the National Institute for Higher Education (NIHE) in Kimberley, Northern Cape, and the UFS produced its first graduates. A group of students from Kimberley received their B.Soc.Sc. (Human and Social Dynamics) in April during the autumn graduation ceremony held on the Main Campus in Bloemfontein. Some of the students are, from the left, front: Mr Thabo Lempetje, Ms Robynne Sudbury (lecturer), Mr Uzikholisile Saba and Mr Thuso Monnye; back: Mr George Ndaba and Mr Victor Disetlhe.



Mr Ephraim Motseko, Assistant Director: Student Academic Services on the Qwaqwa Campus, received his master's degree in Public Administration during the autumn graduation ceremony. "I started with my junior degree, completed my master's degree and intend to do my doctor's degree," he said.

# 07



Me. Annéli Machin, programkoördineerder vir die program in taalpraktyk binne die Departement Afro-asiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk, het 'n dekaansmedalje vir die beste baccalaureusgraadstudent in die Fakulteit Teologie ontvang. Sy het die graad met lof geslaag.



Two sisters from Zimbabwe, Patricia (left) and Memory Tukuta, received their degrees from the UFS during the autumn graduation ceremony. Patricia received a B.Com.Hons. degree and Memory a B.Com. in Accounting.



Mnr. Willem Malherbe, Registrateur: Strategiese Beplanning, en sy seun Pieter wat sy graad in B.Comm. Bemarking ontvang het.



'n Trotse mnr. Pieter Rorich van die Departement Finansies, het sy dogter, Elize Rorich, wat haar B.Ed. in Voorskool en Grondfase ontvang het, se gradeplegtigheid bygewoon. Elize is die derde kind van die Rorich-gesin wat gradueer.



Mnr. Allan Manning het sy B.Ed. Honneursgraad in Professionele Onderwysbestuur en leierskap ontvang by die UV se herfsgrade- en diplomaplegtigheid. Hy is besig om aan sy meestersgraad te werk.

# Wat sal jou gelukkiger maak?

## ’n Nuwe kombuis hierdie jaar ☐

## ’n Stewige deposito op ’n strandhuis in 2015 ☐

Met Sanlam Topaz kan ek jou help om vooruit te beplan vir ’n beter toekoms. En wanneer jy die gemoedsrus het dat jou geld meer geld verdien op lang termyn, sal jy presies weet hoe jy jouself kan bederf met dit wat jy nóú wil hê. Gesels vandag nog met my oor ’n pasgemaakte beleggingsplan. Ons dink vooruit. En jy?

**Ek bied jou ook ’n reeks pasgemaakte oplossings wat kan help dat jy ’n vervulde lewe lei:**

– Aftreebeplanning
– Risikodekking
– Beplanning vir opvoeding



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

Sanlam CI0062MS1285BPA

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

Sanlam TOPAZ
*Ons dink vooruit*

# Old academic crooks and new mountains!

Dumela! Dagsê and good morning!

Soos ou Mercutio in daai romantiese storie oor Romeo en Juliet sê! Die oggend lê al op sy rug en die twaalfuurwyser van die middag is nou bo! So is dit met die jaar – skaars begin en amper verby. Jy't nog skaars jou "*tan*" verloor dan moet jy al weer gaan jag! Mens weet dit word winter as jy skielik een more voor jou hangkas staan en jy sien jy het nou presies 'n kwart van jou hangplek oor. Die res is oorgeneem deur Mammie se wintersklere!

But let's talk about something more academic. I wonder what happened to the wonderful idea of an open day for postgraduate seminars for faculties. One department in The Humanities that I know of held such a day in April and all students from that specific field of study had to attend. Although the postgraduates were quite nervous in the beginning, the day was extremely successful and it was a major success. In this way knowledge was shared with peers and fellow students and a lot of debate around presentations stimulated. Pity they did not advertise the event in the faculty. Next time do so please! Op die wyse is dit nie net die dosent wat die opdragte merk wat insig kry nie. Die nadeel is natuurlik dat die dosent nie 'n paar van die werklik goeie seminare of werkstukke kan "herwerk"' en 'n artikel onder sy/haar naam kan publiseer nie!

Julle onthou mos van daai afgetrede Engelse proffie – ek dink dit was aan Oxford? Hy't jare gelede elke jaar sulke smart Jaguars en Bentleys gery. Nou kyk dis 'n "*dead give-away"!* Toe hulle mooi agter die kap van die byl kom, vind hulle uit hy sit en doktorsgrade skryf vir voornemende Ph.D.-studente wat bereid was om destyds so twintigduisend pond vir die graad te betaal! As kenner van sy vakgebied kon hy hulle uitryg soos ertjies uit 'n dop! Alles met die kort handjie agter die rug gevang! *Moral of the story?* Bultjie hou al vir jare hier in Bloemfontein 'n staatsampenaar dop en begeer sy string smart karre wat almal bo R500 000 stuk kos en toe wonder ek! Mammie sê ek is net jaloers en stop my kinders te veel in agter haar rug in, daarom kan ek nie sulke mooi karre bekostig nie. Bultjie is toe natuurlik diep seergemaak oor sy "foutiewe" mensekennis en verkeerde oordeel oor hulle. Soos sy graag sê: "You always jump to a conclusion!" My: "I consider my confusion!" het nie op haar veel indruk gemaak nie. En toe? *Voila!* In die koerant! Sékere staatsamptenaar is ge-"suspend" (met volle salaris natuurlik!) hangende 'n ondersoek! "Dit sê niks!" sê Mammie. Niks is nog bewys nie. Seker nie, maar al daai smart karre? Ek sal wag en kyk. *It's a dead give-away!*

Sommer nog 'n klip in die bos! Kry julle ook sommer so uit die bloute so twee weke voor die datum kennis dat julle die volgende werkswinkel hieroor en daaroor MOET bywoon? Miskien is ek kleinserig, maar as jy sulke opdragte ook sommer van ander staatsdepartemente kry waarvoor jy optree as interne moderator of so iets, dan kook die water op my knieë! Veral as dit byvoorbeeld gaan oor iets soos *Assessment* wat jy al klaar afgehandel het hier aan die UV. *Over my dead body* sien hulle my daar! U sien, my liewe vriende, dit bots natuurlik met my jagnaweek!

Vat asseblief julle griepinspuitings! Dis baie belangrik om nie siek te word voor mens gaan jag nie! Lekker biltong eet en Volksbladfees hou in Julie!

*Bultjie*

## Alumni learn more about branding



*The UFS Kovsie Alumni presented a luncheon with Mr Thebe Ikalafeng, Chief Executive Officer of Brand Leadership, as guest speaker. Mr Ikalafeng, who is an expert in branding, is the former executive director of Nike South Africa where he worked closely with amongst others Kaizer Chiefs and the Springbok rugby team. The topic of his presentation was: Developing a distinct brand aligned with your world, work and passions. Attending the luncheon were, from the left: Dr Ivan van Rooyen, Director of UFS Marketing, Ms Suzan Mshumpela, Deputy Director of UFS Marketing, Mr Ikalafeng and Prof. Niel Viljoen, Chief Director of Operations at the UFS.*

# Doeltreffende interne beheerstelsel belangrik

In hierdie uitgawe van *Dumela* raak mnr. Gert van den Berg, Direkteur: Interne Oudit, die beginsels van goeie korporatiewe beheer aan. Volgens hom streef die universiteit daarna om goeie korporatiewe beheer ’n integrale deel van die bedryf te maak.

Mnr. Van den Berg sê: “Die uitdaging vandag is om te verseker dat die interne beheerstelsel doeltreffend is in die bestuur van risiko’s waarvoor die universiteit op enige tydstip te staan kan kom. Die beste praktyk sal wees om ’n risiko gebaseerde benadering tot interne beheer te volg. Dit beteken die impak van ’n gebeurtenis op vasgestelde doelstellings moet bepaal hoe risiko’s bestuur word.

“So ’n benadering behoort verder te strek as slegs die UV-Raad se verantwoordelikheid om die akkuraatheid van finansiële rekeningkunde en verslagdoening te verseker. Dit moet ook van toepassing wees op aangeleenthede wat die potensiaal het om die verskeidenheid van besigheidsaktiwiteite te inhibeer of te bevorder, soos strategiese kwessies; bedryfsaangeleenthede, en nakomingsaangeleenthede.

’n Doeltreffende interne beheerstelsel behoort die universiteit in staat te stel om altyd en op alle vlakke:

- Sleuteldoelstellings en daardie risiko’s wat ’n impak op die uitvoer daarvan kan hê, te identifiseer;
- Die prestasie van personeel, beleid, stelsels en die bestuur van hierdie risiko’s, volgens vooraf bepaalde prestasieteikens en -kriteria te meet;
- Hierdie proses te bestuur deur toepaslike inligting tydig en sinvol te kommunikeer;
- Die doeltreffendheid te monitor waarmee risiko’s geïdentifiseer, gemeet en bestuur word.

Mnr. Van den Berg sê: “Doeltreffende interne beheer en risikobestuur kan breedweg omskryf word as ’n proses wat deur die raad, bestuur en ander personeel uitgevoer word en ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf oor die bereiking van doelwitte met betrekking tot effektiwiteit en doeltreffendheid van bedrywighede; betroubaarheid van verslagdoening; en nakoming van beleide, prosedures, toepaslike wette en regulasies.

“Die raamwerk vir risikobestuur bestaan uit vyf komponente naamlik die beheeromgewing; identifisering en beoordeling van risiko’s; die beheeraktiwiteite; inligting en kommunikasie; en monitering.

“Die beheeromgewing is die atmosfeer waarin die mense hul take doen en het ’n invloed op die wyse waarop die aktiwiteite en prosesse van die universiteit bedryf word. Die beheeromgewing begin by die UV-Raad. Hulle gee die toon aan binne die UV en beïnvloed mense se gedrag en houding teenoor beheer. Die omgewing word beïnvloed deur die mate waartoe personeel besef dat hul vir hul dade verantwoordelik gehou sal word.

“Elke entiteit staar sekere risiko’s in die gesig. ’n Voorvereiste vir risikobeoordeling (die identifisering en ontleding van risiko’s wat verbind is aan die uitvoer van bedryfsaktiwiteite, bereiking van doelwitte en finansiële verslagdoening) is dat doelwitte bepaal moet word. Dit vorm die basis van hoe risiko's bestuur moet word. Bestuur identifiseer potensiële risiko's (gebeurtenisse en/of handelinge) wat die vermoë van die instelling om sy strategie te implementeer en doelwitte te bereik, affekteer.

"Interne beheeraktiwiteite is prosesse wat in beleide en prosedures uiteengesit word, om risiko's te bestuur en te verlaag indien dit behoorlik en op ’n tydige wyse uitgevoer word.

"Identifisering van gepaste inligting en die tydige oordra daarvan is noodsaaklik vir enige beheerstelsel en stel individue in staat om hul verantwoordelikhede na te kom. Daar moet doeltreffend gekommunikeer word binne die universiteit sowel as aan eksterne partye soos kliënte, verskaffers, die regering en ander belanghebbendes.

"Om vas te stel of die interne kontrole doeltreffend ontwerp, behoorlik uitgevoer en effektief is, moet dit gemonitor word."

Mnr. Van den Berg sal in die volgende uitgawes van *Dumela* meer praktiese wenke rakende die identifisering en beoordeling van risiko's; interne beheeraktiwiteite; inligting en kommunikasie; en monitering bespreek. ’n Beknopte vraelys wat departemente as self-beoordelingsvraelys kan gebruik sal ook deurgegee word.

# New microscope enhances research in Geology Department



*The Department of Geology acquired a new research level petrographic microscope to enhance research in the fields of mineralogy, petrology, exploration and economic geology. The Olympus BX 51 polarising microscope is fitted with the Altra20 soft imaging system that allows researchers not only to take top quality photographs of thin polished sections and polished ore sections, but to build digital databases and do intricate measurements on small mineral grains. This microscope is also used by postgraduate students in their research. Sitting at the microscope are: Ms Annegret Lombard, Lecturer in mineralogy at the Department of Geology, and Ms Natercia Glover from Wirsam Scientific, the South African dealers for Olympus Microscopes.*

# Kanselier ontvang erelidskap van Akademie

Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het dr. Franklin Sonn, Kanselier van die UV, en prof. Jakes Gerwel, wat in 2004 'n eredoktorsgraad van die UV ontvang het, as erelede aangewys. Dit is die hoogste toekenning wat deur die Akademie gegee word. Dit is ook die eerste keer sedert die ontstaan van die Akademie dat twee bruin mense as erelede aangewys word.

Volgens prof. Hennie van Coller, voorsitter van die Akademie en ook Departementshoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV, is die akademie baie suinig met die benoeming van erelede. Die kriteria wat gebruik word om erelede aan te wys is diens aan die Akademie, Suid-Afrika en diens aan Afrika.

Prof. van Coller sê: "Beide dr. Sonn en prof. Gerwel is mense van internasionale status en uitsonderlike kwaliteit. Onder meer is dr. Sonn voormalige ambassadeur van Suid-Afrika in die VSA en prof. Gerwel dien op verskeie direksies.



*Prof. Jakes Gerwel.*



*Dr. Franklin Sonn.*

"In die verlede het ons te eng gekyk na erelidmaatskap. Ons wil nou die fokus verruil en dit nie net 'n akademie vir blanke, Afrikaanssprekendes hou nie, maar wil alle persone wat kwalifiseer nader trek, ongeag die persoon se ras of geloof," sê prof. Van Coller.

# Personeel leer van dienslewering



*Gewapen met 'n pakkie springmielies en 'n blikkie Coca-Cola elk, het 'n groep personeel die eerste van 'n reeks video's oor kliëntediens gekyk. Die eerste video het personeel toegerus met vaardighede om kliënte hoflik, bekwaam, eerbiedig, vriendelik, entoesiasties, opgeruimd en taktvol te hanteer. Dié sessie is deur die Afdeling Personeelontwikkeling by die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling (SHOSO) gereël. By die sessie was, van links: me. Sophy Mtshiselwa, ontvangsdame by die Skool vir Verpleging, me. Charlette Govender, administratiewe beampte by die Skool vir Verpleging, me. Lurinda Wyers, skakelbordoperateur by die Afdeling: Rekenaardienste, en me. Monica Naidoo, seniorbeampte by die Afdeling: Verblyfdienste.*

# Aanstellings, bevorderings en afsterwes

## Aanstellings

**Dr. D. Dennewill**, as Senior Lektor, Departement Anestesiologie

**Dr. A. Cronjé**, as Senior Lektor, Departement Urologie

## Bevorderings

**Prof. M.M. Raftery** na Professor, Departement Engels en Klassieke Tale

**Prof. D.F. Tolmie** na Senior Professor, Departement Nuwe Testament

**Mnr. A.L. Badenhorst** na Adjunkdirekteur, Akademiese Studentedienste

## Afsterwes

Die UV neem met leedwese kennis van die afsterwe van **dr. F.J. Potgieter**, Assistent-direkteur, Proefdiersentrum.

# Student Court inaugurates six judges and a clerk



*The Student Parliament of the UFS Main Campus inaugurated six judges and a clerk at a ceremony organised by the Student Representative Council's (SRC) member for legal and constitutional affairs recently. The Student Court was created by the university to test the legality of the decisions made by the SRC in terms of South Africa's Constitution, the SRC's Constitution and also the regulations of the UFS. From the left, are, front: Sekhobe Mopeli, judge, and Liezelle Bouwer, clerk, Lelandie Bessinger, judge; back: Alida de Bruyn, Joleen Maartens, Thamae Lenka and Catherine Griesel. Everybody in the back row are judges.*

# UV-Studenteraad besoek universiteite in Wes-Kaap




*Die Studenteraad van die Hoofkampus van die UV het gedurende die April-vakansie die Wes-Kaap besoek. Vergaderings is met die studenterade van onderskeidelik die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad gehou. Die toer was ook 'n geleentheid vir die groep om saam te ontspan en nog sterker verhoudings met mekaar te bou. Besoeke aan Robbeneiland, Tafelberg en die Two Oceans-akwarium was ook deel van die program.*

## Shimlas won renowned Sevens tournament

The Sevens team of the Shimlas has won the world renowned Melrose Sevens Tournament hosted in Scotland. It is the second year that the Shimlas took part in this tournament. They are the only South African team that was invited to take part in the tournament.

They played the first game against the Herriots and won 17-12. They had no trouble beating the Galashields with 42-0 in the second game. The semi-final was played against the Watsonians which the Shimlas won 19-0. This put them into the finals.

The finals were played against the Newcastle Falcons, a professional club from London. The result was in favour of the Shimlas who won 17-10, which made them the winners of the tournament. Jacko Jackson, J.W. Jonker and Shagan Windvogel scored the tries and J.W. also converted one try.

The coach was Mr Waksie Prinsloo, the team manager, Mr Marius van Rensburg and the physiotherapist was Ms Edith Maritz.

Ms Ansu Colditz, Rugby Manager at KovsieSport, said: "This is an outstanding accomplishment not only for the university and the club, but also for South-Africa."

## Assessoropleiding suksesvol voltooi

Die Fakulteit Geesteswetenskappe is trots op 27 akademiese personeellede wat die assessoropleidingsprogram (SPALHE – Short Programme in the Assessment of Learning in Higher Education) suksesvol deurloop het. Die aanbieders was proff. Nico Luwes, Constanze Bauer en dr. Hannemarie Bezuidenhout.

# Distinguish draft charter from transformation plan

*By Anton Fisher, Director: Strategic Communication*

There are many issues that have been raised that need to be debated by the university community so as to reach a deeper understanding of these issues that we confront as an institution. These can be broadly summarised as follows:

• whether the UFS is serious about transformation
• what exactly is meant by transformation
• what are the objectives of such transformation
• how tranformation relates to issues such as quality and fairness
• how we should contribute to the transformation process (as academics, students, support staff, etc - if we agree with it, obviously)
• which support and enabling measures are necessary to achieve good transformation
• and, of course, some very specific questions relating to issues such as academic excellence and student success, quality assurance, language policy, employment equity, student life.

However, it appears that there may be some confusion about the charter and that some clarification is necessary. These relate to the difference and relationship, for instance, between (a) the charter and (b) various policies and plans of the university relating to transformation, academic life.

In the debate there are two key points to remember. The first point is about the purpose of the Institutional Charter. What it wants to do is to establish the ground rules for such a transformation process, and to establish the principles that will guide and shape the nature of the future UFS.

In other words, very much like what the Constitution of South Africa and its Bill of Rights does for the South African state and society, the draft UFS Charter tries to espouse some fundamental values as well as some basic principles, also referred to as constitutive principles, for a specific institution (the university).

The Institutional Charter thus seeks to put forward these values and constitutive principles as a way of building consensus within the university community about a basic framework for the future. It is part of the answer to the question: "What kind of university do we want the future UFS to be?"

It is hoped that on the basis of such broad consensus about the direction of transformation, transformation can be refocused and accelerated.

So the Institutional Charter seeks to provide some framework for the current debate and at the same time tries to paint a picture of what kind of campus we could all aspire to - even as we continue to transform.

This brings us to the second point. The intention is not for the charter to be only an instrument of transformation. The fundamental set of values and constitutive principles as contained in the Institutional Charter must be distinguished from the actual plans, policies and procedures that any organisation develops to guide its life and growth. Thus the Institutional Charter must be read together with for instance, important documents such as our Transformation Plan (which has already served before Executive Management and the Senate) our Academic Policy - documents which spell out in detail how the values and principles of the charter will be realised by the institution. In such policy documents and plans one can expect specific goals, targets, steps and timelines - not in the charter.

To take the analogy of the South African Constitution further. The Constitution does not say how many houses will be built and by when. That is the responsibility of another level and the outcome of other processes and policies, such as the Reconstruction and Development Programme (RDP), the Growth, Employment and Redistribution strategy (GEAR) or the Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa (AsgiSA). The SA Constitution provides the framework for the enactment of these policies.

Likewise, the objective of the UFS Institutional Charter is to provide the framework within which specific university plans and policies are developed and implemented. As a university community, our responsibility would be to ensure that these policies, plans and procedures comply with and / or are aligned with our vision and the values and principles espoused in the Institutional Charter.

- Send comments to transform@ufs.ac.za

# Former top politician talks at UFS School of Management



*Dr Matthews Phosa, the non-executive chairman of EOH and former politician, presented a guest lecture to a group of MBA students at the UFS School of Management. At the lecture were from the left: Mr Tate Makgoe, Free State MEC for Finance, Ms Nontobeko Scheppers, MBA student, Dr Phosa, Prof. Helena van Zyl, Director: UFS School of Management, and Mr Setjhaba Tlhatlogi, MBA student.*

# Kovsies blink uit by KKNK

Die 2007- Sanlampryse vir Afrikaanse Teater (SPAT) vir nuwe verhoogproduksies het tydens die Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) op Oudtshoorn baas gekry. Die UV se verhoogproduksie *Lewensreg*, wat een van die vier finaliste was, het vir die tweede keer sedert die ontstaan van die KKNK die toekenning vir die beste nuwe verhoogproduksie ontvang, wat ’n prys van R100 000 insluit. Die UV het die prys ook in 2005 gewen.

Mnr. Jan van Tonder, bekende romanskrywer en skrywer van radiodramas, het R20 000 ontvang as beste dramaturg en prof. Nico Luwes, Departementele Voorsitter van die UV se Departement Drama en Toneelkunde, het dieselfde bedrag as beste regisseur ontvang. Die silwer-toekenning in die kategorie beste akteur, ter waarde van R10 000, is aan mnr. J.P. du Plessis, ’n honneursstudent in Drama aan die UV, vir sy rol in *Lewensreg* toegeken.

Lede van die departement het ook suksesvol deelgeneem in *Skerp-sin* (regie deur Gerben Kamper) en die *Storm* (regie deur Martinus Basson). Gerben Kamper is ook genomineer as beste akteur vir die Kanna-toekennings. *Plompie die Paddatjie en Sakkie en die Stoute Sterre*, twee kinderstukke deur Michelle Luwes, is ook by die fees opgevoer.



*Tydens die toekenningsgeleentheid was, van links, agter: me. Martie de Lange, Projekbestuurder namens Sanlam, mnre. Du Plessis, Rudie van Rensburg, Hoof: Borgskappe en Promosies van Sanlam, en Jan van Tonder bekende skrywer van radiodramas; voor: me. Lancea Crafford, student van die Universiteit van Stellenbosch, en prof. Nico Luwes, Voorsitter van die Departement Drama en Toneelkunde.*

# Academics from Belgium share knowledge



*At the seminar were, from the left: Prof. Dingie Janse van Rensburg, Director of the Centre for Health Systems Research and Development, Mr Edwin Wouters, and Prof. Herman Meulemans.*

Prof. Herman Meulemans, professor of social research methods and medical sociology at the Department of Sociology, Universiteit Antwerpen, and Mr Edwin Wouters, sociologist at the Research Centre for Longitudinal and Life Course Studies and the Department of Sociology, at the same university, visited the UFS respectively during March and April.

Both of them delivered papers at seminars arranged by the Centre for Health Systems Research and Development (CHSR&D). Prof. Meulemans presented a paper on: *Sociological theories to analyse health and illness issues* and Mr Wouters talked about *An introduction to structural equation modelling using LISREL* (statistical software for data analysis).

Mr Wouters is currently writing a doctoral thesis on the influence of adherence to antiretroviral treatment on the quality of life of people living with AIDS. Prof. Meulemans is his promoter. He has been a collaborator in projects of the CHSR&D since 2000.

# Groot eer vir Bourekenkunde

Sedert die akademiese vennootskap tussen die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur en die Royal Institute of Chartered Surveyors (RICS) goedgekeur is, beskik die departement nou oor outomatiese akkreditasie van dié internasionale liggaam met groot invloed in die konstruksiebedryf.

Volgens Prof. Basie Verster, Departementshoof van die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, is dit ’n groot eer wat die universiteit en die departement te beurt geval het. Die universiteit is saam met die Universiteite van Kaapstad (UK) en die Witwatersrand tans die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat goedgekeur is tot die akademiese vennootskap.

Die nuwe vennootskap word gebaseer op studentegetalle en -aanstelbaarheid, streng toelatingsvereistes en substansiële navorsingsuitsette.



## Die klein jakkalsies vernietig mos die wingerd, of hoe?

**Kovsiepatriot skryf:**

Was my lewe lank nog baie patrioties teenoor die Universiteit van die Vrystaat – en het 'n kleintjie dood aan mense wat die heeldag en aldag die sisteem kritiseer in plaas van te help om van ons Kovsiedorp 'n beter plek te maak. Daarom wil ek graag 'n paar komplimente uitdeel vir wie die skoen pas…

Ek wil baie dankie sê vir die toegangshek vanuit DF Malherbelaan. Dit lyk goed, is baie funksioneel en boonop skep dit 'n beeld van vooruitgang (letterlik en figuurlik) vir hierdie universiteit. Voorwaar 'n goeie besluit van Topbestuur…

Die opgradering van die Hoofgebou verdien ook 'n pluimpie – dit bly die baken van hierdie kampus en dis net logies dat die Hoofmanne dit bewoon en al die belangrike besluite vandaar neem. Welgedaan!

Die nuwe Astro-hokkievelde voeg ook waarde aan hoe ernstig ons is oor nie-akademiese aktiwiteite vir studente en die gemeenskap in die breë en vertolk 'n belangrike rol in die sosiale verantwoordelikhede van hierdie instelling. Drie Hoera's!

Soos u kan sien skroom ek nie om komplimente uit te deel nie – aangesien die groter prentjie van ons geliefde instelling maar net daardeur kan baat vind – MAAR enkele vrae wat dalk op die beplanningskalender geplaas kan word en beantwoord word:

- Dien die "staaldakke" by die ingangshekke hulle doel? Ek merk nogal op dat studente baie vinniger daaroor ry as personeel, die enigste verklaring wat ek het, is dat studente se ouers hulle "shocks" vervang en personeellede self daarvoor moet opdok;
- Is dit moontlik dat die eetsale (die enkeles wat nog oor is), asook die Mediese Kaf dalk "facelifts" kan ondergaan om die eetstelsel makliker te bemark? Dit sal ook nogal lekker wees om deur vriendelike en professionele personeel bedien te word;
- Kan die rigtingaanwysers op kampus dalk meer korporatief lyk in plaas van die aaklige groen borde met aanwysings vir al die topgehalte aktiwiteite (selfs internasionale kongresse) waarvoor ons gasheer speel?
- Sou dit enigsins moontlik wees om Shimlapark se voorkoms te verbeter voor die Springbokke weer 'n oefenkamp hier hou?

# 'We have gained our immortal souls'

On her website Prof. Deirdre McCloskey describes herself as a free-market economist and economic historian, who is unapologetic about capitalism, though she tries to be fair to her friends on the left and the right.

She is Distinguished Professor of Economics, History, English and Communication at the University of Illinois, Chicago. Last year she published the first in a four-volume series on *The Bourgeois Virtues*, which formed the basis for a series of lectures she delivered at the UFS.

She admits that the "oddest personal fact about me is that until 1995 I was Donald", referring to the gender crossing she made from male to female (Donald to Deirdre). "I visited womanhood and stayed. It was not for the pleasures, though I discovered many I had not imagined, and many pains too. But calculating pleasures and pains was not the point. The point was who I am … I did not change gender because I liked colourful clothing (Donald did not) or womanly grace (Donald viewed it as sentimentality). The "decision" was not utilitarian. In our culture the rhetoric of the very word decision entails cost and benefit. My gender crossing was motivated by identity, not by a balance sheet of utility."

In an interview with *Dumela*, Prof. McCloskey was asked about her



*Proff. Deirdre McCloskey and Philippe Burger.*

experience of her crossing genders, and responded that she is finally being treated as a woman. At a recent congress a point she made was ignored, but when the same point was made by a male economist, everybody applauded.

So what is the crux of her defence of capitalism? "The main thing is that it has freed your ancestors and mine from grinding poverty. So here we are on a cool morning in Bloemfontein, speaking philosophically about capitalism. The success of capitalism is that it has had this enormous effect on the human spirit because it has freed us from digging potatoes so that we can go to university. And I don't just mean you and me, but millions of people worldwide now have lives with scope, with the chance to read (they don't always, they watch a lot of TV, those horrible wrestling programmes). But they have the choice whereas once they didn't. So contrary to what is commonly said, capitalism has not been bad for the human spirit. It's not that we have gotten rich and have lost our immortal souls. On the contrary, we have gotten rich and gained our immortal souls."





## Accommodation Cape Town

### Student accommodation Observatory

- Ideal for large/small groups (Sports groups/Academics)
- Holiday accommodation
- Five-star budget accommodation
- Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers

### Rate:

- From R105 per person sharing (Bed and budget breakfast)
- Meals available upon request

Phone: 021 447 9056
Fax: 021 447 5192

E-mail: info@riverview.co.za
Website: www.riverview.co.za

**Visit our website or contact us for additional information.**


# Agt uitruilstudente uit Europa studeer by dié fakulteit




*Agt studente vanaf verskillende universiteite in Europa studeer hierdie semester aan die UV se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe as deel van uitruilooreenkomste met hul onderskeie universiteite. Die studente bly in twee volledig toegeruste woonstelle in die JBM Hertzog-koshuis op die Hoofkampus. Van links is, voor: Benk Dagevos, HES Higher Economical School, Nederland, Vera Koch, Universiteit van Bremen, Duitsland, Julien Walemme, Universiteit van Rennes, Frankryk; agter: Benjamin Brandes, Universiteit van Bremen, Duitsland, Philipp Knigge, Universiteit van Bremen, Duitsland, Maaike Kooijman, Haagse Hocheschool (HEBO), Nederland, en Tarik Hoppener, Universiteit van Bremen, Duitsland.*


### Publikasiebesonderhede

Dumela word saamgestel deur UV: Strategiese Kommunikasie.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
**Uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing
**Drukwerk:** PrintAbility

Menings wat in Dumela gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

dumela.stg@mail.uovs.ac.za


**Adresplakker**